DRAKENSBERGER BEESTELERSGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Jaarverslag 2017/2018

INHOUDSOPGAWE

Raad van die DBTG 4
Kantoor en finansies 6
Navorsing 6
Reklame en bemarking 8
Inligtingsdae en ander aktiwiteite 9
Toekennings uit die bedryf 10
SA Stamboek se Elite toekennings 10
SA Stamboek se kuddetoekennings 10
LNR Toekennings 11
Jeugskoue 11
Keurders en keurdersopleiding 11
Keuringsopsomming 13
Veilings 13
Lede en getalle 15
Getalle 16
Spesiale vermeldings 17
Toekennings vir 2017 18
Enkele gedagtes 19
Bedankings 20

JAARVERSLAG DBTG 2017/2018

Denkwaardig en bekommerenswaardig, die politieke jaar wat ons pas beleef het. Wie sou ooit kon dink dat die destruktiewe struktuur van die huidige regering so van gedaante kan verander? Wat het gelei tot dié veranderinge? Skuldgevoel, gewetenskwellinge, morele druk? Wie sal weet?

Miskien diepliggende ontevredenheid en die uiteindelike besef van die omvang van die skade wat gedoen word aan die pragtige land waarin ons leef. Die wegholtrein moet beheer word en moet op die spoor bly, ontsporing sal finaal katastrofies wees.

Die vraag is hoe dit gedoen word.

Deur konstante positiewe denke en samehorigheid, ondersteuning, erkenning van foute, trots en met ’n visie en ’n wil. ’n Voorbeeld daarvan is die Drakensberger Beestelersgenootskap. Dink ’n bietjie na, u sal besef dat dit waar is.

Hoeveel tydskrifvoorblaaie is die afgelope ruk versier met Drakensberger beeste, hoeveel aktiwiteit is daar op elektroniese media wat Drakensberger-nuus vertel, hoe aktief is die webblad? Weer iets om aan te dink. Lede kry erkenning vir hulle betrokkenheid en prestasies, daar is onderlinge ondersteuning en samehorigheid onder mekaar, daar is ’n gesamentlike doel waarna gestreef word.

Die ongunstige klimaatsomstandighede van 2016/2017 het in sekere dele van die land grootliks gewyk; die effek en implikasies sal nog lank gevoel en ervaar word. Op dieregetalle, genetika verliese, finansies, slaappatroon en gekanseleerde vakansies. Om nóg ’n jaar tevrede wees met die plaasbakkie, hy is darem nog nie so sleg nie! Altyd iets te leer, met die stadig draaiende wiel van die lewe onstuitbaar op sy rotasie.

Die wêreld is in ’n warboel, is deurmekaar, is kommerwekkend onstuimig. Die tekens van die tye doem op die horison op. Verlede voorspellings word aangehaal, doemprofete skilder donker prentjies. Die uitdaging is om die positiewe te behou, daar lê die geheim en kuns. Vele en te veel gesprekke fokus op die negatiewe. Met min opsies en met omstandigheidsnegatiwiteit, is die toekoms slegs verseker deur vertroue in God.

Boerdery as sulks in Suid Afrika is onder druk, met vele individue wat uitsien na die dae van stoepsit en koffie drink, die gewese boerdery slegs ’n gedagte. Slim ook dan met allerlei beste planne, so van die stoep af, met die retrospektoskoop.

RAAD VAN DIE DBTG

Vier (4) raadsvergaderings is deur die verloop van die jaar gehou: twee op Vrede, een naby Potchefstroom en een in Parys, saam met die jaarvergadering en die nasionale veiling.

5 Dagbestuurvergaderings is telefonies gedoen; dit is effektief en lei tot groot koste- en tydbesparings. Kommunikasie via foon of elektroniese media is vinnig en effektief. Die huidige dagbestuur is Willie Landman (visepresident), Magiel Blom, Henk Delport en myself. Hierdie is 'n uiters effektiewe kombinasie en die verdeling van verantwoordelikhede deur die individue is iets besonders. Die vermoë tot besluitneming word deur almal gedeel en gerespekteer, dit lei tot uiters effektiewe afhandeling van nodige aksies.

Willie Landman is visepresident en dra groot verantwoordelikhede op sy skouers. Hy dien op alle komitees en het die finansiële portefeulje sy eie gemaak. Die begroting word deur hom opgestel. Die streng finansiële dissipline wat gehandhaaf word is gerusstellend, dit word weerspieël deur die gesonde finansiële posisie van die Genootskap. Die kommunikasie met die finansiële personeel van Stemma Animalia, het dan ook grootliks in sy hande beland.

Hy is ook die skakel tussen die raad en Puren Marketing, wat die reklame van die ras behartig, 'n deurlopende taak met konstante kommunikasie. Hier is gereelde konsultasie en terugvoer nodig. Hy behartig dit en die Genootskap se reklame is, sonder twyfel, die beste wat dit nog ooit was.

Hy is ook betrokke by die evaluasie van bulle in die gesamentlike toets wat op Gryshoek gehou is, met ten doel die bevordering van die Drakensberger-bees en -ras. Hy is as raadslid verantwoordelik vir die oostelike deel van Noordwes en Botswana.

Magiel Blom is as lid van die dagbestuur onontbeerlik in die bestuur van die DBTG. Die direkte kommunikasie met die sekretaresse, Ronande Wiese, word op eie koste gedoen en Magiel het dan ook die bereidwilligheid getoon om nie die aanvanklike fooi wat deur die Genootskap aan hom betaal is (vir die oorgang vanaf die Volksrust-kantoor na Stemma Animalia) verder te eis nie. Hy is steeds die administratiewe skakel met SA Stamboek, Stemma Animalia en die kantoor van die DBTG, 'n taak wat hy verantwoordelik en toegewyd uitvoer.

Hy is saam met Willie Landman verantwoordelik vir die handhawing van die finansiële status van die Genootskap namens die lede, 'n groot verantwoordelikheid.

Magiel ken ook die geskiedenis van lede goed en het dikwels die beste voorstel vir optimale kommunikasie. Hy is ook die raadslid betrokke by die Limpopo streek.

Henk Delport dien op die dagbestuur en vergemaklik die neem van besluite. Hy voeg die daad by die woord. Hy dien as belangrike skakel tussen lede en is sonder twyfel die voorloper wanneer dit by rasbemarking kom. Sy idees is vars en prakties, altyd ten uitbreiding van die Drakensberger as ras. Hy is ook grootliks verantwoordelik vir die opknapping en instandhouding van die Nampo-stalletjie, 'n voorbeeld vir ander rasse om na te streef. Jou opoffering in 'n baie besige daaglikse skedule word hoog op prys gestel, Henk.

Hy is verantwoordelik vir die Noord en Wes Vrystaat en is ook die raadsverteenwoordiger by SA Stamboek, sowel as by die Beef Genomics-projek.

Fanie van Dyk behartig die Suid Vrystaat en die Karoo en het die Nampo stalletjie beman vir die duur van die oesfees. Hierdie is 'n belangrike taak en is met toewyding suksesvol voltooi. Die vergaderings wat die Nampo-oesdag behels, word deur Fanie bygewoon as rasverteenwoordiger.

Rodney Neuman is verantwoordelik vir die werwing van borge en verteenwoordig die raad in die Oos Vrystaat. Hy is 'n belangrike faktor in besluitneming deur die raad en sy opinie word gerespekteer.

Pikkie Uys was weereens die organiseerder en mede-aanbieder van die beoordelaarskursus wat op die tradisieryke Gryshoek aangebied is. Hy was ook deel van die keurderspaneel tydens die keurdersopknappingskursus en is beskermheer tydens die nasionale veiling. Sy teenwoordigheid is 'n belangrike katalisator en hy is raadsverteenwoordiger vir die Mpumalanga streek.

Louis Botha is verantwoordelik vir die raadsverteenwoordiging vir die KwaZulu-Natal streek en organiseer die keuringstoere. Die funksie behels 'n rotasiesisteem en word gedoen volgens 'n sisteem wat deur sy pa, wyle oom Koos Botha, aangewend is. Uiters vindingryk en effektief. Louis is ook betrokke by die keurdersopleiding en is beskermheer op die nasionale veiling.

Jean van der Merwe is raadslid vir die Gauteng streek en het die verantwoordelikheid om die elektroniese media van die Genootskap funksioneel te hou. Hy is die skakel vir die webbladfunksie en reklame via WhatsApp en e-pos. Verder is hy ook nou betrokke by die aanbieding van die beoordelaarskursus.

Dr Bobbie van der Westhuizen is SA Stamboek se verteenwoordiger op die raad en is hoogs gerespekteer. Sy teenwoordigheid tydens vergaderings, in 'n baie besige werkskedule, word waardeer.

Mnr. John Roos is erepresident van die Genootskap en sy teenwoordigheid word waardeer; opregte beste wense vir u en goeie gesondheid word u toegewens.

KANTOOR EN FINANSIES

Die kantoor funksioneer effektief, met Ronande Wiese wat haar baie goed van haar taak kwyt. Haar werkslading is groot en sy voltooi haar take met toewyding en deeglikheid. Daar is groter verantwoordelikheid op me. Wiese om outonoom te funksioneer, met die opleidingsproses in die oorskakeling na Stemma, soos bestuur deur Magiel Blom, reeds ver gevorder. Dit is egter nodig om die riglyne en struktuur vir die optimale funksionering van die administratiewe funksies meer gestruktureerd te doen, en dit sal implementeer word.

Gesprekke is met mnr. JC van der Bergh gehou in sake die meer optimale funksionering van die Drakensberger Beestelersgenootskap-kantoor. Die antwoord is steeds uitstaande en sal noodwendig lei tot verdere gesprek. Gesprekke en bespreking is ook gehou met dr. Japie van der Westhuizen en Freddie Wasserfall, president van SA Stamboek, om hierdie versoek van die DBTG te akkommodeer.

Daar was ook 'n verandering in die finansiële personeel by Stemma Animalia, met nuwe individue wat die struktuur, soos gevolg deur die DBTG, moet aanvaar en toepas. Streng kontrole word toegepas met Willie Landman en Magiel Blom, wat die skakeling is en die kontrole uitoefen vir die korrekte aanwending van beskikbare fondse.

Willie Landman is verantwoordelik vir die finansies, 'n taak wat hy by uitnemendheid verrig met besondere kontrole van die begrotingsteikens. Die begroting, wat ook deur hom opgestel en aan die raad voorgelê word vir goedkeuring, word met enkele uitsondering aanvaar. Die finansiële posisie van die DBTG is gesond, soos in die finansiële state weerspieël. Die ouditeure is ARC Sakhile Ingelyf en word op 'n jaarlikse basis aangestel, indien deur die lede so goedgekeur.

NAVORSING

Deur die Universiteit van die Vrystaat word daar tans data verwerk in die evaluasie van testisomtrek by bulle. Die studie is redelik ver gevorder en die eerste bespreking van die data was op 30 April 2018 by die departement van Landbou van die UV. Adri O'Neil is die studieleier en die voorstelle vir die inkorporering van addisionele data is deur haar aanvaar. Kommunikasie tussen die navorser en dr. Bobbie van der Westhuizen is inisieer en alle verwagting is op die suksesvolle voltooiing van die studie. Die resultate sal 'n belangrike toepassing hê in die kriteria vir aanvaarding van testisomtrek by keuring.

Die projek in sake die poenskopgeen in die Drakensberger, onderneem deur Rulien Grobler, vorder stadig weens die gebrekkige hoeveelheid haarmonsters wat sy ontvang het. Slegs 41 voldoende monsters is ontvang; die doelwit is minimum 100 alvorens die akkuraatheid van die data meer betekenisvol interpreteer kan word. Hierdie studie het gevorderde implikasies op die bestaande riglyne vir die ras, per se. Deur die toepassing van wetenskaplike norme en deur die aanvaarding van die toepassing daarvan, vorder die ras geweldig. Die gebruik van genetiese analise, wat onteenseglike feite van sekere eienskappe bewys, moet noodwendig lei tot die aanvaarding daarvan. Hierdie sal die riglyne vir die ras skuif, tot voordeel van die Drakensberger ras. Derick Orsmond, wat van meet af aan betrokkee was by die projek, se insette sal aangevul word met die nuutste haarmonsters. Die eindresultaat van die besef dat die poenskopgeen n belangrike nuwe dimensie skep, kan in sy diere wat vir keuring aangebied is, gesien word. Jou inisiatief word waardeer.

Verdere genetiese evaluasie om die genetiese merker vir dubbelbespiering te identifiseer, word gedoen deur Raynard Steyn. Die praktiese toepassing daarvan is om die spesifieke genetiese merker in die voorgeslag van sekere diere te identifiseer. Daardeur word die skadelike geen elimineer uit 'n kudde, tot voordeel van die teler en die ras. Die aanvaarding van wetenskap in die vordering van beesboerdery, en die Drakensberger-ras as geheel, moet as krities belangrik beskou word. Deur die ronddans om die onderwerp, met vermydende gesprekke en benaderings, sal die ras duur te staan kom. Hoe vinniger hierdie norme aanvaar en ontwikkel word, hoe vinniger word die vordering van die ras, dit wil sê die ontwikkeling, deur feite ondersteun. Rasse wat diere verkoop met slegs 'n gewig of twee op die katalogus, sal nie die langtermyn mylpaal haal nie.

Die Beef Genomics-projek, waar die Drakensberger-ras as een van die aanvanklike rasse identifiseer en behandel is, vorder goed met die bereiking van 1000 genetiese analises en gevolglike daarstel van 'n verwysingsraamwerk vir die Drakensberger. Hierdie genetiese analises (*instant genotyping*), assisteer individuele telers van 'n ras om meer korrekte teelbesluite te maak en daardeur die risiko vir foutiewe parings te verminder.

Addisionele inligting, gebaseer op die molekulêre genetiese verskille tussen diere, kan help om die akkuraatheid in die voorspelling van die genetiese meriete te vermeerder. Hierdie teelwaarde, in kombinasie met die bestaande BLUP syfers soos afgelei vanuit die data van die ouers, word as die GEBV implementeer. Die bestaande teelwaarde word aangevul en verbeter, in akkuraatheid, met genetiese data. Weereens is dit 'n bewys dat die wetenskap ontwikkel, veel vinniger as wat 'n dier op fenotipe verander kan word.

Die Drakensberger-fenotipe het welliswaar verander tot ’n meer geskikte bouvorm, in verskillende streke, met die verloop van die Drakensberger se geskiedenis. Die ontwikkeling wat tans onder die vel aan die gang is, gaan belangrike implikasies inhou vir die ras in die jare wat voorlê.

REKLAME EN BEMARKING

Die beëindiging van die kontrak van Excelente deur Alda Fourie, was ’n groot teleurstelling. Dit is egter ’n plesier om te noem dat die Drakensberger-ras se reklame tans uitstekend hanteer word deur Cindy Puren van Puren Marketing. Die dinamika is tasbaar en die vars idees en die toepassing daarvan, is verblydend. Reklame is duur en die aanwending van beskikbare fondse is dikwels belemmerend in die uitvoer van die aksies wat antisipeer word. Borgskappe om hierdie spesifieke doel te verwesenlik, sal hoog op prys gestel word.

Die betrokke persoon by die koördinasie van die reklame beplanning en die uitvoering daarvan, is Willie Landman. Hy vergader gereeld met die bemarkingspan en daar word deurlopend aan die uitvoering van die reklameplan gewerk. Opregte waardering aan Willie Landman vir sy opoffering en leiding; netso aan Cindy Puren

Die konsep van platinum, goud en silwer pakkette vir borge, met teenprestasie deur die Genootskap, sal weer gepoog moet word.

Die ontwikkeling van elektroniese media en die snelle uitbreiding daarvan en aanwending vir reklame, verleen nuwe uitdagings. Die gedrukte kalenders, soos wat die standaard was, word stelselmatig baie minder gebruik; dieselfde geld vir die plat tafelkalender. Die tendens is om weg te beweeg daarvan omdat die trefkrag min is. Elektroniese media bereik baie meer mense, wat potensiële belangstellendes is.

’n Sprekende voorbeeld hiervan het in die Genootskap plaasgevind in die 2017 kalenderjaar. Die besluit op die jaarvergadering, gehou in Parys, nadat daar twee keer gestem is vir óf kalenders óf plat tafelkalenders, was nie geneem nie omdat die stemming gelykop was. Die voorstel was dat die raad sou besluit. Tydens die dagbestuurvergadering, gehou in Bloemfontein, was die besluit weereens teen die gebruik van enige van die twee opsies as eerste keuse. Die besluit is dus deur myself, Johann Fourie, geneem, om dagboeke te laat maak. Daar was ontevrede lede, wat verstaanbaar is; dit was egter onmoontlik om almal tevrede te stel. Vir die ongelukkige lede bied

ek my verskoning aan. Ek aanvaar alle verantwoordelikheid vir die besluit geneem. Die gelykopstemmings lei tot die besluit wat geneem word deur die president van die rasgenootskap.

Die volledige reklamebeplanning word as 'n addendum tot hierdie jaarverslag aangeheg.

Nampo is 'n grootse bemarkingsaksie en die belang daarvan word deur die Genootskap besef. Daarom die stadig (soms te stadig) stygende begrotingsbedrag vir hierdie aksie. Henk Delport en Pieter Esterhuizen se onbaatsugtigheid in die voorbereiding van die stalletjie, verdien luide applous. Julle insette word waardeer en die "subsidiëring" vir die bereiking van sukses, word gerespekteer. Die idees is jaarliks meer nuut, die baniere lewendig en die drasakke (Henk se idee) onmoontlik om nie raak te sien nie.

Fanie van Dyk en Carel Nel het hierdie jaar die stalletjie beman. Opregte dank vir julle opoffering en tyd afgestaan aan Genootskapsake. Die diere is verskaf deur Carel Nel en was raseg, goed voorberei en haltermak. Inderdaad 'n voorreg om na sulke diere te kyk, en 'n trots om sulke diere te vertoon.

Piet de Villiers is hierdie jaar 'n loslooitjie gegun, en heelwat mense beskou Piet as sinoniem met die oesfees; hulle vra uit na Oom Piet. Dankie vir jou bereidwilligheid om altyd beskikbaar wees, mnr. de Villiers, dit word opreg waardeer.

Ronande Wiese het vier dae deurgaans by die stalletjie diens gedoen. Welgedaan en dankie.

INLIGTINGSDAE EN ANDER AKTIWITEITE

- Rouvus inligtingsessie die oggend van die veiling met Danie Bosman as spreker.
- Neuman Broers se inligtingsdag, gehou op Newlands op 19 Julie.
- Winton inligtingsdag, gehou op Winton met Carel Nel, dr. Liesel Foster en Danie Bosman as sprekers. Werner Vermeulen is die dryfveer vir hierdie inligtingsdag en het groot aspirasies.
- Die Fox in the Hills inligtingsdag word gehou op Rooipoortjie naby Potchefstroom en ook hier is Danie Bosman aan die woord. Twee dae is aangebied, waarvan een vir opkomende boere.
- Die Oos Vrystaat studiegroep, onder leiding van Neville Hobbs, het 'n suksesvolle dag aangebied.
- Die jaarlikse OTDK gholfdag by Amersfoort, gereel deur Corne van der Merwe.
- John Joubert stal diere uit by die Laeveld skou in Nelspruit.

- Marthinus Willemse presteer baie goed in die alle ras groeitoets wat ter plaatse gehou word.
- Jan Ehlers stal 'n bul uit by Bronkhorstspruit Hoërskool se Landboudag.
- Petrus Taljaard presteer op die Ermelo skou en maak Drakensberger telers trots.
- Henk Delport is betrokke by die Kersiefees in Ficksburg en die fietsroete word sorvuldig beplan deur sy grond met Drakensbergers die hele wêreld vol.
- Die Herlewingslandboukonferensie by Reitz word ons stalletjie deur Henk Delport en Ronande Wiese beman en pragtige diere word tentoongestel. Die Drakensbergers was die enigste beesras en het baie aandag getrek.

TOEKENNINGS UIT DIE BEDRYF

SA STAMBOEK SE ELITE TOEKENNINGS

Landbouweekblad Elite koei aan Infracor Drakensbergers van Derick en Liesel Orsmond met JA060069

Die groeitoetsklas bul word verteenwoordig deur Gawie en Frik Roux met GR150261.

Die Elite platinumkudde word verteenwoordig deur Black Hills Drakensbergers van Willie Landman en Jean van der Merwe.

SA STAMBOEK SE KUDDETOEKENNINGS

STREEK	VOORLETTERS	VAN	TOEKENNING
Gauteng		Black Hills Drakensbergers	Platinum
Oos- Vrystaat	LA	Neuman	Goud
Mpumalanga	M C	Blom	Goud
Kwa-Zulu Natal	Dr H A	Schütte	Goud
Wes-Vrystaat	D F	Du Toit	Goud
Wes-Vrystaat	G W	Roux	Goud
Oos-Vrystaat		Otjiwa Boerdery	Goud
Kwa-Zulu Natal	E M	Schroeder	Goud
Wes-Vrystaat	C H	Nel	Silwer

Wes-Vrystaat	J S	Van Dyk	Silwer
Oos-Vrystaat	Dr L A	Foster	Silwer
Oos-Vrystaat		Delram Boerdery	Silwer
Oos-Vrystaat		Neuman Broers	Silwer
Wes-Vrystaat		Theunissen Drakensbergers	Silwer
Gauteng	E J L	Van der Merwe	Brons
Gauteng	J & E	Dhooge	Brons
Oos-Kaap	Drr J D & FD	Erasmus	Brons

LNR TOEKENNINGS

Farmers Weekly koei aan Gerhard & JG Maritz van Verland Drakensbergers met JJO050144.

Mpumalanga streekswenner is Embee stoet van Magiel Blom.

Gauteng streekswenner is Black Hills Drakensberges van Willie Landman en Jean van der Merwe

JEUGSKOUE

Nelmarie van Staden en haar seun, Manie, is intens betrokke by jeugskoue — hulle presteer uitstekend met hulle Drakensbergers en neem aan die volgende geleenthede deel:

- Gauteng interskole kampioenskappe
- Jeugskou kompetisie by Nampo

Verdere beplanning:

- Wagpos Boertjiefees
- Die nasionale jeugskou in Oktober in George.

KEURDERS EN KEURDERSOPLEIDING

Die beoordelaarskursus word weereens op die historiese Gryshoek gehou en word deur Pikkie Uys gelei. 27 belangstellendes is teenwoordig en word deur die teorie en die praktiese aspekte van

Drakensberger-beoordeling gelei. Ander lede betrokke is Jean van der Merwe, Piet de Villiers, Johan Uys, Willie Watermeyer, Petrus Taljaard en Carel Watermeyer. Die teoretiese en praktiese eksamen word afgelê en die uitsonderlike hoë slaagsyfer weerspieël die standaard van opleiding. Dankie aan Hermien en Lana Uys vir die voorbereiding en aanbieding van die etes vir al die kursusgangers.

Die seleksie van potensiële individue om uiteindelik tot die elite groep van senior keurders te behoort, is ’n kuns en ’n gawe. Groot verantwoordelikheid berus by die aanbieders van hierdie krities belangrike kursus, in die seleksie van sodanige persone. Sodanige persoon is die potensiële volgende senior keurder wat met trots die standaard van die huidige Drakensberger, wat jaloers bewaar is oor etlike eeue, moet handhaaf. ’n Uiters belangrike taak en ’n prestasie om na te streef.

Die uitnodiging om deel te neem aan die eerste keuringstoer, op eie koste, is ’n besondere eer en behoort aangegryp te word. Daar word die kennis gedeel en die standaard bevestig van rasegte Drakensbergers. Dit mag beteken dat daar alweer hekke beman en skryfwerk gedoen word; dit is sommer simpel! Dit is egter ’n toets, ’n vasbyt; alles as deel van die ontwikkeling tot senior, gerespekteerde teler.

Die keurdersopknappingskursus is gehou op Newlands en was uiters insiggewend en suksesvol. Danie Bosman was betrokke saam met Carel Nel, Louis Botha en Pikkie Uys. Hierdie drie gerespekteerde senior telers stel die standaard wat gevolg moet word, inderdaad ’n doelwat wat jaloers nagestreef moet word. Opregte dank aan Rodney Neuman en aan Cory en haar span, vir die professionele aanbieding en die uiters smaaklike ete en versnaperinge wat aangebied is.

Die praktiese deel is voorafgegaan deur ’n teoretiese eksamen, tot almal se verbasing, met wisselende reaksie. Sommige lede het besef die oogkundige se afspraak is te lank al uitgestel, sommige lede het hardop konsulteer, sommige het die “oopboek” toets uit die handleiding probeer. Daar was selfs lede wat gewens het die persoon langs hom kon net leesbaar skryf. Daar is selfs erken dat die aanbied van sodanige vraestel, die bloed laat kook het! “Senior keurders hoef nie eksamen te skryf nie?” Alles is egter gedoen tot die verbetering van die standaard van beoordeling in die Drakensberger ras.

Die toerindeling word behartig deur Louis Botha en daar word uitgesien na die toere wat in die 2019 deur Louis Botha en Rodney Neuman gelei gaan word. Hierdie twee hoogs gerespekteerde keurders se kennis behoort leiding te gee aan velerlei senior, junior en aspirant keurders.

Om ’n deel te wees van die Drakensberger Beestelersgenootskap se keuringskorps is ’n besondere geleentheid en ’n trotse deel van ons Suid-Afrikaanse erfenis.

KEURINGSOPSOMMING

KEURINGS	BULLE Gesien	Gekeur	VERSE Gesien	Gekeur	EERSTE AANVAARDINGS	Gekeur
Jaarliks toere	512	353	1374	1189	241	187
Spesiaal	445	271	80	53		
Totaal	958	624	1454	1242	241	187

Totale diere gesien: 2 653

Totale diere gekeur: 2 053

Die afstand afgelê tydens keuringstoere was 16 000 kilometer, en spesiale keuringsafstande afgelê sowat 4000 kilometer.

Hiermee my dank aan elke keurder (senior, junior of leerder) wat vanjaar deel was van die keuringsproses en al die opofferings wat u gemaak het. Dankie ook aan die dames wat die keurders so gul ontvang en bederf het.

VEILINGS

Drakensberger-telers was betrokke by 12 veilings deur die jaar en dit was definitief 'n jaar waarin daar herstel getoon is na die moeilike jaar van 2016/2017.

BULLE AANGEBIED:

Bulle: 279

Bulle verkoop: 244

Gemiddelde prys: R40 448.00

Hoogste prys: R110 000.00

Verkoper: GW Roux; Koper: Blyde Stoet van Eli van der Merwe

VROULIKE DIERE AANGEBIED:

Koeie:	72
Verkoop:	44
Gemiddelde prys:	R15 341.00
Hoogste prys:	R18 000.00.

Verkoper: JS van Dyk; Koper: JP Rautenbach

STOETVERSE AANGEBIED:

Verse:	33
Verkoop:	16
Gemiddelde prys:	R17 015.00

Verkoper: Buffalo Valley Farms; Koper: Koos van Niekerk

Die meriete van die nasionale veiling, wat tans in Parys gehou word, word jaarliks evalueer en dit sal ook weer die geval wees vanjaar. Dit word beskou as 'n glansgeleentheid en die voorafgaande jaarvergadering en dinee is die geleentheid om dank te betuig aan die lede vir hulle bydraes tot die suksesverhaal van die Drakensberger vandag. 'n Blyk van waardering vanaf die raad van die DBTG.

Die gevoel wat ek kry is dat veilings minder, maar groter gaan word. Dit sal meer diere van verskillende telers bymekaar bring en 'n groter keuse gee aan die voornemende kopers. Beter beplanning vir die koper met 'n groter keuse.

Dit is met teleurstelling dat ek moet noem dat daar tydens twee veilings wat gehou is, diere verkoop is wat deur die beskermhere vir daardie spesifieke veiling, as nie geskik vir die verkoop op die veiling beskou is nie. Die verkoop van die diere op dieselfde veiling het wel voortgegaan. Dit is verkeerd en druis in teen die bepalings in die skedules soos vervat in skedule D A 20 "Geen afgekeurde manlike diere mag op die veiling verkoop word nie."

Die teler wat by die Genootskap aansluit onderneem om hom te verbind tot die verpligtinge en bepalings van die grondwet en die klousules. Dit is verkeerde optrede en daar sal daadwerklik en

indringend verander moet word aan die optrede teen sodanige teler. Dit doen die ras geen goed nie en beledig en verkleineer die rol van die beskermhere. Hulle rol word afgevryf tot teenwoordiges sonder tande, mense wat al die moeite gedoen het om, op raadsversoek, 'n plig uit te voer, net om deur geldgierige optrede opsy gestoot te word deur die verkoper. Dit mag nie verder geduld word nie.

LEDE EN GETALLE

Nuwe lede:

- Forman Boerdery van Flip en Marelette Fourie, Hartbeesfontein
- Horman Drakensbergers van Carel Hancke, Bethal
- Structural Techniques BK van André Nel, Balito
- JJF van der Walt van Noupoort

Bedankings:

- MR Bracher
- Bezuidenhout Broers
- Abrie Cronje

Dit is altyd baie teleurstellend wanneer lede bedank en by my ervaar ek telkens die gevoel van verlies by die lees van die bedankingskennisgewing. Dikwels 'n kort, kriptiese nota, half kwaad, dikwels kort af, met 'n tikkie byt in.

Die bedanking van bogenoemde lede is 'n verlies vir die ras. U terugkeer tot stoetgeledere sal hoog op prys gestel word; hou asseblief rekord van die diere steeds in u besit.

Oorlede:

- Hermaas Potgieter
- Johan van Staden
- Reinier van Rensburg

Die Drakensberger-ras het in die afgelope jaar sterk karakters en groot geeste verloor. Individue wat diep spore in die lewe getrap het, wat passievol was oor hulle diere en wat dit waarin hulle

geglo het, geesdriftig beskerm het. Aan hulle naasbestaandes, opregte simpatie en 'n uitnodiging om met vrymoedigheid die kantoor of enige individu te kontak, die deur is altyd oop vir julle.

GETALLE

	2016/17	**2017/18**
Stoetlede	63	64
Spesiale en ere-lede	14	116
Vroulike diere reeds gekalf	4144	4714
Verse bo 24 maande	1621	1827
Verse 12 tot 24 maande	1351	1572
Verse onder 12 maande	1486	1509
Bulle bo 24 maande	976	1361
Bulle 12 tot 24 maande	891	1156
Bulle onder 12 maande	1096	1401
Totaal	11965	13540
Kuddes wat geen kalwers aangeteken het nie	8	10
Ouderdom Eerste Kalwing (OEK)	34m	34m
Tussen Kalf Periode	422 dae	418 dae

KUDDES EN TKP

Kuddes beter as Ras gemiddeld van 418 dae TKP:	24
Kuddes swakker as Ras gemiddeld:	30
Kuddes met diere met geen TKP:	5
Kuddes met geen diere:	3
Kuddes dormant:	2

KUDDES MET MEER AS 100 KOEIE GEKALF EN TKP BETER AS 400 DAE:

Black Hills Drakensbergers	102 diere	373 dae

G W Roux	150 diere	386 dae
Neuman Broers	158 diere	387 dae
Delram Boerdery	458 diere	395 dae
L A Neuman	196 diere	397 dae

KUDDES MET 25 TOT 100 DIERE GEKALF EN TKP BETER AS 400 DAE:

M C Blom	42 diere	381 dae
J G Ehlers	31 diere	381 dae
Otjiwa Boerdery	54 diere	382 dae
E M Schroeder	68 diere	383 dae
Dr L A Foster	91 diere	387 dae
J S van Dyk	93 diere	387 dae
C H Nel	78 diere	389 dae
J I van Zyl Naude	27 diere	394 dae

KUDDES MET MINDER AS 25 KOEIE GEKALF EN TKP BETER AS 400 DAE:

Structural Tecniques BK (Andre Nel)	10 diere	375 dae
Me M Esterhuizen	11 diere	389 dae
Theunissen Drakensbergers	19 diere	394 dae

Kommerwekkend is dat 10 kuddes hierdie jaar geen kalwers aangeteken het nie, waarvan 2 dormant is.

SPESIALE VERMELDINGS

Willie Landman vir die finansiële dissipline en die hantering van die reklame-aksies van die Genootskap.

Henk Delport vir sy toewyding en onbaatsugtige optrede deur die jaar, sy teenwoordigheid by veilings, sy vervulling van sy rol as raadslid en dagbestuurslid en die uitdaag van die begroting.

Pikkie Uys, wat met sy kennis en statuur deurgaans besig is om die Drakensberger te verbeter.

Magiel Blom, vir die baie ure wat spandeer word agter die rekenaar om die stand van die administratiewe funksies glad te laat verloop.

Carel Nel, vir sy aktiwiteit op die raad van SA Stamboek en vir die rol wat hy gespeel het, en steeds speel, in die beëindiging van die sage tussen SA Stamboek en die LNR.

Freddie Wasserfall, wat tans dien as president van SA Stamboek.

Dr. Japie van der Westhuizen, pas aangestelde Hoof Bestuurder by SA Stamboek.

Dr. Bobbie van der Westhuizen, pas aangestelde Bestuurder van die Produksie Aantekening stelsel by SA Stamboek.

Mnr. Danie Bosman, wat sy enorme kennis op 'n eerlike en opregte wyse kan oordra.

Piet de Villiers, vir die betrokkenheid met opleiding van studente.

Dr. Hannes Dreyer, wat deurgaans bewus is van huidige tendense en verwikkelinge.

Me. Wilanna Coetzer, van SA Stamboek.

Johannes Retief as die rasverteenwoordiger in die Karoo.

TOEKENNINGS VIR 2017

AS van Niekerk-skild vir kuddes onder 100 koeie met die beste TKP

MC Blom, 381 dae/42 koeie

Embee trofee vir kuddes bo 100 koeie met beste TKP

Black Hills Drakensbergers, 373 dae/102 koeie

AECI trofee vir die kudde met die beste vordering vir die jaar

Delram Boerdery

Eppie Nel trofee vir die person wat uitstaande diens lewer aan die ras

Henk Delport

Rouvus Toekenning vir die kudde met die beste speen teelwaardes

GW Roux

ENKELE GEDAGTES

Fenotipies is die Drakensberger anders as ooit tevore: breër, met beter balans tussen voor en agterkwart. Daar is dan ook beter vleis volume, en altyd steeds die goeie, smaaklike vleiskwaliteit. Hierdie verandering is oor 'n tydperk van 366 jaar bewerkstellig, sekerlik deur seleksie vir gewenste eienskappe. Die uitbreiding van die ras na weidingstreke anders as die Hoëveld, lei tot verandering in gewig en grootte. Die omgewing speel 'n bepalende rol. In daardie spesifieke omgewing is daar verdere verskille in grootte en gewig van diere in dieselfde kudde. In daardie kudde, in daardie omgewing, doen sekere diere beter. Die bewyse is in die kudde, dit mag verskil van kudde tot kudde, die teler het sy eie beplanning en seining.

Genotipe kan nie gesien word deur na die dier te kyk nie. Dit is egter vasgevang in sy chromosomale patroon, in die DNA. Dit is daar waar eienskappe vasgevang is, dit kan nie verander word deur menslike manipulasie nie. Dit het egter 'n effek op die dier se lewenswyse, op sy voorkoms, op sy prestasie en op sy nageslag. Die DNA is onlosmaaklik deel van die totale prentjie.

Analise van hierdie DNA is meer akkuraat en sal nog meer akkuraat bepaal word. Dit kan net deur ontkenning ignoreer word, maar dit sal dwaas wees om dit te ontken. Dit sal wys wees om dit te inkorporeer in die vordering van 'n ras met 'n geskiedenis van 366 jaar. Daarin lê voorspellingswaarde van toekomstige teling.

Wetenskap en die effek daarvan op die ras is onvermydelik en die rasstandaarde sal noodwendig getakseer, miskien geskuif, moet word. Identifikasie van genetiese afwykings lei tot die seleksie en verwydering van ongunstige aangebore afwykings by huidige en nageslagte; die ongunstige afwykings word verminder en vermy. Waarom dan nie die waarde van genetiese merkers erken tot voordeel van die Drakensberger nie?

Jarelange dogma sal in oënskou geneem moet word, die wetenskap gaan onomwonde bewyse bring, en menslike keuses sal gemaak moet word om vordering te akkommodeer, al dan nie. Indien die onteenseglike wetenskaplike bewyse as gegewe aanvaar word met aanvaarding daarvan in die ras, sal die keuse by die teler mag lê vir die akkommodasie daarvan in sy eie kudde.

Kennis van resultate, en die memorisering daarvan, is krities in gesprekke met potensiële beestelers. Ek is van mening dat, deur 'n gesprek met iemand te voer waartydens daar, met selfvertroue en oortuiging feite weergegee word, meer vertroue ingeboesem word as om te begin met "Ek sê nou vir jou …"

Ekonomiese sinmaak in boerdery word al hoe moeiliker en die omvang van beesboerdery is aan die uitbrei. Bewustheid van Drakensberger-feite (en vertroue in daardie feite) is van kardinale belang in die uitbreiding van die ras.

BEDANKINGS

Die dinamika in die huidige dagbestuur is uniek, met Willie Landman, Magiel Blom en Henk Delport gelaai met verantwoordelikhede. Die oorvleueling met die hantering van verantwoordelikhede is baie gerusstellend, en die uitgebreide take verrig deur die jaar is met toewyding voltooi. Hierdie lede verdien die respek wat hulle toekom.

My vrou, Marianne, wat vir die bulle name gee ("net nommers is onpersoonlik," sê sy) se ondersteuning. Naweke wat sy wel kan saam gaan plaas toe, is altyd lekkerder.

My seuns, Ruan, Armandt en Johann, wat my persoonlikheid begryp.

My skaaphonde, Kiewiet, Coco en Doughnut, saam met wie ek baie kilometers stap en altyd dankbaar is as ek met al drie veilig uit die veld uit kom.

Kobus Scholtz, die beste plaasbestuurder wat ek nog ooit gehad het, wat my moed gee en my die geleentheid bied om nie af te skeep in my beroep nie.

Alles wat gesê en gedoen word, elke oomblik van die dag, is net moontlik deur God wat my die krag gee, soms 'n bietjie insig, altyd die genade. Ek kan nie sonder die Here lewe nie, ek dank Hom daarvoor.

Johann Fourie

NS: Indien u naam per abuis uitgelaat is uit hierdie jaarverslag, moet asseblief nie 'n kort, kriptiese bedankingsbrief per e-pos aan die kantoor stuur nie. Aanvaar my verskoning vir 'n menslike fout, kom ons gaan voort en bou die Drakensberger-ras uit tot die top ras wat dit is.